e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

21 April 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die tyd van vreugde is hier!

Ons gaan van vandag af 'n naweek binne wat gaan eindig in vreugde, blydskap en dankbaarheid. In 'n wêreld en 'n Kerk waar vreugde skaars is, gaan die Gees van die Vader en die Seun ons uitnooi om in die vreugde van die evangelie te deel.

Ons begin die Paasnaweek vandag met *Groen Donderdag*. Vanaand kom Christene oor die hele wêreld in Nagmaaleredienste byeen ter herinnering aan die Laaste Pasga. Tradisioneel geniet Christus wat ons voete was, in skaamte, besondere aandag. Geen lofliedere word gesing nie en die seën word nie uitgespreek nie, aangesien ons in rou is. Die Heer van die kerk word nog steeds gekruisig. Op *Goeie Vrydag* lui die klokke nie eers nie. In stilte herdenk ons die dood van die Messias. Hierdie stilte duur die hele Saterdag voort. Op *Stil Saterdag* dink ons aan Jesus wat die hel van Godverlatenheid moes verduur, maar wat ook sy triomf oor die bose en die dood aan die gestorwenes bekend gaan maak het. *Paassondag* lui die kerkklokke, die erediens begin en sluit af met lofliedere oor die Vader wat sy Seun uit die dood opgewek het. Ons gaan die wêreld in met die genade van die Seun, die liefde van die Vader en die gemeenskap van die Gees. Wat 'n voorreg! Wat 'n vreugde om van dít alles deel te wees!

Om kerk van Jesus Christus te wees, beteken om ruimte te bied vir die vreugde wat die drie-enige God skenk. Om hierdie ruimte aan mense te kan bied, moet ons anders wees. Ons moet daarom nie probeer om 'n korporasie of 'n volksvergadering te wees nie, aangesien hierdie tipe instansies vreugde moet probeer bewerk omdat hulle dit nie as geskenk ontvang nie. Ons wat ruimte bied aan die geskenkte vreugde, is veronderstel om anders, volgens die nuwe spelreëls van die Heilige Gees (Gal 5: 16-26), te funksioneer.

My vraag is egter of ons in hierdie stadium daarop aanspraak kan maak om deel van hierdie *derde nasie* (soos die vroeë kerkvaders die kerk beskryf het) te wees. Kan die wêreld ons uniekheid en andersheid raaksien? Is ons deel van die *swerwende volk* (die ander term wat hulle gebruik het) wat nie tuis is in hierdie wêreld nie, óf het ons ons tuisgemaak in hierdie wêreld met al sy maniere en dikwels ook 'n gebrek aan goeie maniere? As mense ná hierdie naweek steeds glo aan vyandskap en skeurmakery, en diversiteit en pluraliteit tot belydenis wil verhef, sal dit 'n bewys wees dat die ware Bybelse boodskap nie verkondig is nie. As die evangelie van Jesus Christus nie verkondig is nie, maar 'n ideologie verkondig is, kan die Heilige Gees nie met ons werk nie.

Ons hoop van harte dat almal deur die loop van hierdie naweek tot die besef sal kom dat daar geen langdurige vreugde in politieke ideologieë kan wees nie. Hierdie goed kom en gaan. Ons is tot vryheid geroep. Mense wat vry is, verkoop nie hul siele vir onrealiseerbare wêreldlike ideale nie, maar leef in gelatenheid met die sekerheid dat God met ons is.

Ons staan voor 'n krisismoment in ons Kerk se bestaan. Woede, 'n gebrek aan respek, skeltaal en wêreldlike howe gaan niks positief bewerk nie. Net die vreugde van die evangelie kan ons bymekaarhou. Ons ernstige gebed is dat ons hierdie naweek saam met die res van die kerk op die aarde en in die hemel, die werklike rede vir ons bestaan sal ontdek.

Prof Natie van Wyk



(Daar sal nie op Donderdag 28 April 'n uitgawe van die *e-Hervormer* wees nie. Die volgende uitgawe verskyn op Donderdag 5 Mei.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Martin Jansen van Rensburg

Ds Pierre Roets

Beroep ontvang

- **Ds Martin Jansen van Rensburg** van Phalaborwa na Vryburg
- **Ds Pierre Roets** van Springs-Oos na Eendracht

Beroep bedank

- **Ds Pierre Roets** van Springs-Oos na Montana-Oos
- **Ds Gerhard Viviers** van Laeveld na Bothaville

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Yolandé Benadé** se neef, sy vrou en twee seuns was verlede week in 'n ernstige motorongeluk. Haar neef se vrou is in die ongeluk oorlede en een van die seuns is breindood verklaar. Voorbidding word vir die familie gevra.

- **Ds Martin en Hanlie Slabbert** was op pad lughawe toe toe hulle sy suster, wat reeds geruime tyd ernstig siek was, by die hospitaal wou gaan groet. Daar het hulle gehoor dat Lizelle pas oorlede is. Martin en Lizelle was die enigste kinders van Louis en Elsa Slabbert wat ook tans lidmate van Philadelphia is. Die familie is pastoraal bygestaan deur dr Sanrie de Beer en prof Piet Geyser, terwyl mev Louise Geyser en haar dogters via hul reisagentskap met groot moeite vir Martin en Hanlie alternatiewe vlugte gereël het sodat hulle nog oor die Paasnaweek by hul toergeselskap in Turkye kan aansluit. Ons innigste meegevoel gaan aan die familie.

Ds Adriaan Roets

- **Ds Johan van Staden** van Gemeente Sionspoort **se skoonvader** is verlede week oorlede. Meelewing word met ds Johan en sy familie betuig.

- **Ds Adriaan Roets** se toestand is steeds ernstig na 'n operasie in 'n hospitaal in Middelburg. Hy is in die intensiewe afdeling waar hy stadig vordering maak. Tydens 'n besoek aan sy siek vader is hy self in die hospitaal opgeneem. Ons wens hom spoedige beterskap toe.

- **Ds Louis Pienaar** van Gemeente Pretoria word steeds in die Onkologie-afdeling van die Little Company of Mary-hospitaal behandel. Hy is effens beter. Ons dink aan hom en sy gesin in hierdie moeilike tyd.

- **Ds Arnold Viljoen** van Tsumeb/Grootfontein toon stadig vordering in die hospitaal in Windhoek. Ons wens hom algehele herstel toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 6 Mei**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 21 April: Ds Edzard van Baalen (Parkrand) en dr Kobus van Biljon (emeritus)
  - Saterdag 23 April: Di Francois Evert (Declerqville) en Casper Steenkamp (emeritus)
  - Sondag 24 April: Ds Herman van den Berg (Elandspoort)
  - Maandag 25 April: Prof Andries van Aarde (siekte-emeritaat), dr Wimpie van Schoor (Primrose-Oos) en ds Rika van Staden (Goudveld)

- Dinsdag 26 April: Ds Paul Kern (Sannieshof)
- Woensdag 27 April: Dr Kálmán Papp (Bybelgenootskap)
- Donderdag 28 April: Di Frans Marais (Goudveld) en Pieter Rossouw (Stella-kombinasie)
- Saterdag 30 April: Ds Wimpie Steyn (emeritus)
- Sondag 1 Mei: Ds Nick Alberts (Wonderfontein)
- Maandag 2 Mei: Ds Kálmán Papp (emeritus)
- Dinsdag 3 Mei: Prop Elritia le Roux (beroepafwagtend)
- Woensdag 4 Mei: Ds Pierre Roets (Springs-Oos)
- Donderdag 5 Mei: Di Johan Bester (Meyerton), Frik Engelbrecht (emeritus), drr Hein Delport (Krugersdorp) en Ernest Marran (Losberg)
- Vrydag 6 Mei: Ds Cobus Manders (Suidoos-Witbank)

Ds Peet Kruger

Ds Hennie Nel

- **Ds Peet Kruger** vier sy 50ste jaar in die bediening op Sondag 8 Mei om 10:30 in die kerkgebou van Gemeente Sasolburg, waar hy tans lidmaat is. By die geleentheid sal dr Frikkie Labuschagne, predikant van Sasolburg, namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) groete en gelukwense oordra. Ds Kruger het tydens sy bediening as predikant die gemeentes Springs-Oos, Villieria, Sasolburg, Parkrand/Witfield, Standerton en Sasolburg bedien.

- **Ds Hennie Nel** van Gemeente Potgietersrus vier op Sondag 8 Mei om 09:00 sy 25ste jaar in die predikantsamp. By die geleentheid sal verskeie gelukwense aan hom oorgedra word, onder meer deur dr Fanie Pretorius namens die Kommissie van die AKV.

Ds Chris le Roux

Ds Errol Sheppard

- **Ds Chris le Roux** van Stellenbosch/Worcester vier ook op Sondag 8 Mei sy 25ste jaar in die predikantsamp. Dr Christo van der Merwe, predikantslid van die Kommissie van die AKV, sal namens die Kommissie gelukwense oordra.

- Op Sondag 15 Mei vier **ds Errol Sheppard** van Gemeente Vaalpark sy 25ste ampsjubileum. Die diens begin om 10:30 in die kerkgebou, hv Opperman- en Prinsbergstraat, Vaalpark. Belangstellendes moet asseblief teen Woensdag 11 Mei by ds Sheppard, 016 971 2104, 083 455 6922 of **shep@absamail.co.za**, bevestig indien hulle die geleentheid wil bywoon.

Dr Gerhard Nel

- **Gemeente Horison Roodepoort** ontvang op Sondag 8 Mei hul nuwe predikantspaar, **dr Gerhard en mev Magda Nel.** Hulle het twee kinders, ’n seun en ’n dogter. Die erediens waartydens dr Nel in sy amp bevestig sal word, begin om 11:00 om ook aan die kollegas in die ring geleentheid te gee om die erediens by te woon. Dr Nel was sedert 1993 werksaam in Gemeente Hartebeeshoek.

Di Ronel en Eddie Eckard

- **Gemeente Messina** het op Sondag 17 April sy nuwe predikantspaar, **di Eddie en Ronel Eckard**, ontvang. Ds Ronel is van haar vorige standplaas, Coligny, losgemaak en is beroepafwagtend. Sy is beskikbaar om in gemeentes in die ring te help met eredienste. Die gesin is reeds die vorige naweek deur **Gemeente Van Warmelo** ontvang.

- Die Kommissie van die AKV het op Maandag 18 April besluit om op **4 en 5 Oktober 2011** ’n **buitengewone vergadering van die 69ste AKV** byeen te roep. Dit sal plaasvind by Gemeente Wonderboom. Daar is op hierdie stap besluit in ’n opregte poging om verskille wat ’n bedreiging vir die orde in die Kerk inhou, uit te praat en kerkeenheid te verseker. Meer besonderhede is aan predikante en kerkrade gestuur. Die voorsitter van die Kommissie van die AKV sal binnekort ’n **uitgebreide skrywe** oor die prosesse wat in gesprek met die Komitee van Beswaardes gevolg is, oor die standpunte van die Kommissie, en oor die oproepe tot doleansie aan predikante en skribas stuur.

- Die **ringsvergadering van Dorsland** is verskuif na die naweek van **17 en 18 Junie**. Dr Malan Storm, wat namens die Kommissie van die AKV die ringsvergadering bywoon, is die vorige week betrokke by die vergadering van die Kommissie van die AKV. Twee ander predikantslede van die Kommissie wat op 9 en 10 Junie ringsvergaderings moet bywoon, sal waarskynlik deur sekundilede van die Kommissie by die betrokke ringsvergaderings verteenwoordig word.

- **Gemeente Volksrust** het verlede naweek hul **150ste verjaardag** gevier. Vrydag 15 April is basaar gehou, en Saterdagmiddag is 'n boom geplant en twee gedenkplate onthul. Een van die gedenkplate is by die eerste klok van die gemeente onthul. Die klok is nooit gebruik nie aangesien dit, nadat dit van die buiteland ingevoer is, naby Wakkerstroom van die ossewa afgeval en gekraak het. Die klok is verkoop vir 5 pond en het nou weer in die hande van die gemeente gekom. Saterdagaand is die voorbereidingsdiens deur een van die gemeenteseuns, ds Jan Schroeder, gelei. Tydens die formele ete daarna is groeteboodskappe namens die plaaslike kerke en skole gelewer. 'n Feesbundel met die gemeente se geskiedenis, geskryf deur ds Paul Buitendag, sy vrou en 'n lidmaat, is bekendgestel en aan dr Fanie Pretorius oorhandig vir die Kerkargief. Sondagoggend is die Nagmaaldiens gelei deur dr Fanie Pretorius, en daarna het hy 'n groeteboodskap en gelukwense namens die Kommissie van die AKV oorgedra. Ds Antoinette van Zyl, voorsitter van die ring van Heidelberg, het gelukwense en groete namens die ring oorgedra. Ds Paul Buitendag, wat reeds 25 jaar lank predikant van die gemeente is, het die dankseggingsdiens gelei.

- **Preekbeurte in Coligny.** Predikante word genooi om by Gemeente Coligny te preek en gratis verblyf vir die naweek te kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gesin. Die blyplek is 'n ten volle toegeruste selfsorgeenheid in 'n veilige kompleks. Kontak oudl Oelof Vorster by **jsjordaan@telkomsa.net** of 084 206 9523.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite-badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op 'n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 8 Mei om 09:30: Gemeente Delareyville**
  Dankseggingsdiens na die Genl Delareyfees van 7 Mei
  Kontak Adrie Hattingh by **nhkerk@lantic.net**

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Germiston**: **Eeufees**
  Kontak ds Johan Ayres by **johanayres@absamail.co.za** vir meer inligting

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Drie Riviere: 50ste verjaardag**
  Vrydag: Kuier rondom woonwaens en tente
  Saterdag: Basaar
  Sondag: Nagmaal
  Kontak ds John Putter by **jdputter@vodamail.co.za** of 016 423 3413
  of mev Santie Rossouw by **nhk3riviere@mwebbiz.co.za** of 016 423 5405

Toere

- **28 Junie tot 12 Julie: Griekeland (hoofland) en Turkye**
  Geniet 3-dae-bootvaart na Griekse eilande
  Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**

- **25 Julie tot 3 Augustus: Amanzimtoti**
  Gemeente Noordwestelike Pretoria se Goue Oues
  R2 400 per persoon (2 etes per dag)
  Beperkte plekke beskikbaar
  Kontak Sarel Benadé by 012 379 8740 of 082 838 0042

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 Junie: Gemeente Van der Hoff (Groblersdal)**
  Die vallei het talent
  Vrydagaand uitdunne en Saterdagoggend finaal
  Kerkterrein, Voortrekkerweg, Groblersdal
  Toegang gratis – genoeg te eet en drink!
  Kontak Kobus Ehlers by 082 692 9809

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 23 April: Gemeente Namibkus**
  Hengelkompetisie in Hentiesbaai oor Paasnaweek
  Verwag meer as ’n duisend deelnemers
  N$25 000 se pryse in verskeie kategorieë
  N$5 000 vir swaarste eetbare vis, N$1 500 vir swaarste kabeljou,
  N$1 000 vir verskeie ander visspesies
  Trekking van 30 kaartjies met N$10 000 se pryse
  Eet- en drinkgoed van vroegdag af
  Hoogtepunt om 16:00 wanneer skaal sluit en wenvisse opgeveil word
  Kaartjies N$30
  Kontak ds Leon Janse van Rensburg by +264 64 20 2044 (landlyn)
  of +264 81 128 5169 (selfoon)

- **Saterdag 30 April tot Maandag 2 Mei: Gemeente Piet Retief**
  Hengelkompetisie by Heyshopedam se bootklub
  1ste prys akkommodasie vir twee nagte en ’n dag se hengel per boot op see by Richardsbaai vir twee persone
  Ander pryse ook en gelukstrekkings
  Staanplek by bootklub gratis
  R100 per volwassene en R50 vir 15-jariges en jonger vir hele naweek
  Kaartjies by **Pill Box-apteek**, **Pro Deo** en **Coffee Shoppé** op Piet Retief en Vrydagmiddag en Saterdagoggend by die oord
  Kontak Gerda by 082 334 3583, Johan by 083 630 3226
  of Flip by 083 785 5448

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Derdepoort: Gholfdag**
  Mooipoort
  American Scramble 4 x 2-bal
  Spelers en borge welkom
  Kry meer inligting by **mej@mweb.co.za**

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Philadelphia: Resepteboek: *Philadelphia-Feestafel***
  R150 per eksemplaar
  56 bydraers se 415 uithalerresepte
  Ook afdeling oor Bybelse etes en feeste
  Bestel van Louise Geyser by 012 361 0579, 082 560 4279
  of **louise.geyser@absamail.co.za**

- **Gemeente Alberton-Wes: Bome te koop**
  Koorsbome, soetdoringbome en vaderlandswilgers teen R100 per boom
  Reeds ongeveer 2-3 meter hoog
  Kontak ds William Harmse by 082 493 6715

- **Gemeente Tzaneen: Jagkompetisie**
  R100 per kaartjie, **trekking** van wenkaartjies **5 Mei**
  1ste prys: 1 eland, 2 rooibokke, 2 nagte akkommodasie vir 2 jagters
  en 2 nie-jagters by Tranquil Nest tussen Alldays en Pontdrift
  2de prys: 1 koedoe, 2 rooibokke, 'n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom,
  Mooketsi, Limpopo vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  3de prys: 1 blouwildebees, 2 rooibokke, 'n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom
  vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  Troosprys: 2 broodbome
  Kontak ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514
  of Emmarentia by 015 307 4508

- **Gemeente Bergsig: Wen naweek by Mount Amanzi Game Lodge**
  Vraag: *Hoe ver vanaf Naboomspruit is die Lodge geleë?*
  Mount Amanzi Game Lodge is 22 km wes van Naboomspruit
  en 175 km noord van Pretoria
  Daar is 15 selfbediening-chalets, 'n trouvenue, swembaddens, ens
  R20 per inskrywing
  Sluitingsdatum 11 Junie
  Kontak Marie by 082 402 4170

Basaars en markte

- **Saterdag 30 April: Gemeente Vaalharts (Hartswater): Kontreifees**
  Ook 'n marathon en bergfietswedren
  Kontak Nelia by 053 474 0200

- **Saterdag 30 April: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Klein plaasgemeenskap met vleis as groot aantrekkingskrag
  Kontak Casper Pieters by 082 493 9872

- **Maandag 2 Mei: Gemeente Potchefstroom: Basaar**
  Van 08:00 tot 14:00 op Kerkplein in Potchefstroom
  Gemeente bied vir 19de keer die **Noordwes-Motorskou** aan
  Meer as 300 veteraanmotors, ongeveer 4 000 besoekers
  Verskeie gaskunstenaars, onder andere Clive Bruce
  Kontak ds Willem Kok by 083 664 0058

- **Vrydag 6 tot Saterdag 7 Mei: Gemeente Magaliesmoot**
  Vrydagaand vanaf 18:00: Potjiekosete
  Volwassenes en hoërskoolkinders R60, laerskoolkinders en jonger R30
  11 verskillende soorte potjies met heerlike bykosse
  Verrassing te drinke om die keel warm te maak
  Saterdag: Liedjiefeesbasaar
  Gratis gaskunstenaars
  Baie te eet en drink
  Kameelresies, skolerugby, veiling
  Tuisgemaakte boerewors – BESTE in die area
  Kontak Gerda by 012 376 4313, Hannes Botha by 072 992 1910
  of Emmerentia Botha by 083 243 6014

- **Vrydag 6 en Saterdag 7 Mei: Gemeente Rustenburg: Outydse Boerefees**
  Vrydagaand: Dans saam met Boeremusiekgilde
  R100 per persoon (sluit ete in)
  Saterdag: Kyk wat in ons voorouers se tyd gedoen is
  Koffie brand, rieme brei, mielies maal, seep kook, koei melk, botter afmaak, swepe vleg, ens
  Tuisgebak uit bakoond
  Ry op eietydse donkiekar
  Kontak Cecile le Roux by 083 230 8981 of 084 208 7445

- **Saterdag 7 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Goewermentstraat 31, Delareyville
  Met Bobby van Jaarsveld
  Toegang gratis
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen bul en 10 topverse; of 5 topverse; of bootvaart na Portugese Eilande
  Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Krugersdorp: Familiefees**
  Met Pieter Koen – kaartjies R45
  Verskeie kos- en kunsstalletjies
  Meer as genoeg aktiwiteite vir jong kinders
  Kontak Ella by 083 728 6325 of **nhkkrugersdorp@zonetech.co.za**

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden om 11:30 en Steve Hofmeyr om 13:00
  Gratis vertoning, meer as genoeg kos
  Kontak 012 253 0146 (08:00 tot 13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 28 Mei van 08:00 tot 14:00: Gemeente Benoryn: Gemeentefees**
  70ste verjaardag
  Verskeie stalletjies
  Kontak Annette van der Merwe by 011 849 1179

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen 7-voet Venter-waentjie; dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie; patio-gasbraaier; Sony Playstation 3; of potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367
  of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

- **Saterdag 4 Junie: Gemeente Wesmoot: Karnaval**
  By Makro Wonderboom
  Uitstallings van karre, promosies, narre, kunstenaars en springkastele
  Nasionale armdrukkompetisie links en regs (R50 inskrywingsfooi per arm)
  Wen met R20

1ste prys: Koedoe wat jy self kan skiet of laat skiet
2de prys: Rooibok
3de prys: Vleispak van R319
Kontak Marie Swanepoel by 012 379 7898 of 012 379 1955

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit: Geskenkemark (Vlooimark)**
  Bespreek 'n stalletjie vir die dag
  Kontak Alta Bester by 082 936 5289

ANDER NUUS

- **Ds Lukas Scheepers** van die Prairie Reformed Church in **Kanada**, 'n goeie vriend van die Kerk wat verskeie AKV's bygewoon het, was onlangs in 'n perdry-ongeluk en het ernstige skade aan sy laer rug opgedoen. Hy moes 'n noodoperasie ondergaan en is nog in die hospitaal. Sy vrou, Tharina, is 'n medikus en staan hom by. Ds Lukas doen sy bediening onder Afrikaanssprekendes in Kanada. Die Hervormde Kerk se voorbidding word vir hom, sy gesin en al sy gemeentelede gevra in hierdie tyd van beproewing. Persone wat met hom wil kommunikeer, kan dit per e-pos doen, by **thaluk@mts.net**.

- Die evaluering van **voornemende teologiestudente** vind by UP plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante en persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**; faks 012 420 4303. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April jaarliks**.

- Die NHSV-hoofbestuur wag aansoeke in vir die pos van **Redakteur** van die maandblad ***Die Christelike Vrou***, om diens te aanvaar op **1 September 2011**. Die geskikte kandidaat moet oor die volgende beskik:

  - **Vereistes:** Lidmaat van die NH Kerk van Afrika; naskoolse kwalifikasie in taal, joernalistiek of kommunikasie; ervaring van uitgewery, taalversorging, redigering, joernalistiek; kennis van en betrokkenheid by NHSV-sake.
  - **Vaardighede:** Taal- en skryfvaardigheid; goeie menseverhoudings; rekenaargeletterd; kreatiewe vermoë; administrasie- en organisasievermoë; vermoë om by sperdatums te hou; vermoë om in 'n span saam te werk; vermoë om 'n span te motiveer.

  Aangesien *Die Christelike Vrou* deel vorm van *Konteks*, word van die redakteur verwag om ook by die redaksie van *Konteks* betrokke te wees asook in noue samewerking met die *Konteks*-redakteur en produksiespan te kan funksioneer. Die redakteur dien ook ampshalwe in die Raad vir SENTIK.

  Hierdie is 'n deeltydse pos. Kontak die NHSV-kantoor by 012 325 0117, of stuur CV **voor of op 5 Mei 2011** aan **nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**, of faks na 086 693 7955.

- Die ***Almanak/Bybelse Dagboek* van 2011** is nou beskikbaar teen **R50** per eksemplaar – dus halfprys! Bestel van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za**. Posgeld sal bygevoeg word.

- **Die Ondersteuningsraad** beskik tans oor **vakatures vir Maatskaplike Werkers** in Witbank, Krugersdorp en Pretoria. Hulle moet by die Raad geregistreer wees. Alle aansoekers moet oor 'n geldige rybewys beskik. Salarispakkette sal afhang van jare ervaring. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- Die **volgende vergadering** vind voor 6 Mei plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertyd en lokaal.

  - Woensdag 4 Mei: Direksie van die Kinderhuise

AGTERBLAD

Trots op 21 jaar

Tydens die middagete van die Moderamen se vergadering op Vrydag 15 April is *Konteks* se 21ste verjaardag gevier.

Die oorspronklike span is verteenwoordig deur die redakteur (van 1990 tot 2004), dr Paul de Beer, sy assistent (van Januarie tot Oktober 1990), Gerda Potgieter, en dr Daan van Wyk (sr), destyds voorsitter van die Kommissie van die AKV, asook die redakteur van *Die Christelike Vrou* van Januarie 1988 (nog voordat dit in *Konteks* ingebind is) tot Junie 1996, Bets Booysen. Die huidige redakteur, dr Wian Kloppers (sedert 2004), al die huidige personeellede van SENTIK, die huidige redakteur van *Die Christelike Vrou* (sedert Oktober 2002), Magda van Deventer, en die lede van die Moderamen het die middag gesellig saam met die gaste deurgebring, met staaltjies en kwinkslae en 'n keurige ete voorberei deur Rika Pretorius en haar suster Liezel Ernst.

Daar is groot waardering in die Kerk vir die sobere en opbouende inhoud en voorkoms van *Konteks* die afgelope 21 jaar. In 'n tyd waarin tydskrifte kom en gaan, en sirkulasiesyfers meestal daal, is dit 'n mooi prestasie om steeds met entoesiasme te publiseer én gelees te word.

*** Bestellings vir *Konteks* vir die res van 2011 (Junie tot Desember) kan soos volg geplaas word:

R78 vooruitbetaalbaar vir 6 uitgawes (bestel voor 6 Mei 2011)
R65 vooruitbetaalbaar vir 5 uitgawes (bestel voor 3 Junie 2011)

Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, **sentik@nhk.co.za** of faks 086 633 4054.

Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 264 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx